



Vuk'uzenzele

GRATIS

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

Afrikaans/Engels

Junie 2015



Vanaf die Uniegebou

Bl 3



'n Sterk gesondheidstelsel vir almal

Bl 5



Hoe om 'n grondeis in te dien

Bl 6

Mobiele dienste vir die mense

Amukelani Chauke

Mense in landelike gebiede sal nou grondeise naby hul woonplekke kan registreer.

Die minister van landelike ontwikkeling en grondhervorming, Gugile Nkwinti, het die proses van registrasie vir grondeise vergemaklik met die bekendstelling onlangs van een van vier mobiele busse voor die Parlement in Kaapstad. "Onthou, die Regering het tydens die eerste geleentheid geen veldtog gevoer nie. Met ander woorde, die beleid en geleentheid is nie na die mense geneem nie.

"Gevolglik het mense in afgeleë gebiede en in klein, landelike dorpsgebiede, wat nie kon bekostig om na die [indien-] kantore te gaan nie, die geleentheid misgeloop.

"Nou het ons busse en klein vragmotors waarmee ons mense kan bereik en 'n veldtog kan voer om hulle in kennis te stel dat hulle 'n eis kan indien.

"Dit is hoe ons dienste na die mense neem, eerder as om die mense te vra om na die kantoor te kom," sê hy.

Die bekendstelling van die mobiele eenhede kom ná president Jacob Zuma die Wysigingswet op Grondherstel op 30 Junie 2014 goedgekeur het. So het hy die herstelproses vir 'n verdere vyf jaar heropen om mense wat nie hul eise tydens die eerste geleentheid ingedien het nie, die kans te gee om dit te doen.

Tydens die eerste tydperk, wat op 31 Desember



Die minister van grondhervorming, Gugile Nkwinti, het nuwe mobiele kantore bekend gestel om die indiening van grondeise vir gemeenskappe in kleiner dorpe en landelike gebiede te vergemaklik.

ber 1998 geëindig het, het die Kommissie vir die Herstel van Grondregte 80 000 grondeise ontvang.

Toe hy onlangs die Huis van Tradisionele Leiers in die Parlement toespreek, het die president aan tradisionele leiers gesê hulle moet hulself voorberei om mense by te staan sodat hulle suksesvol met hul grondeise kan wees.

Na beraming is 7,5 miljoen mense van hul grond ontnem nadat die Naturelle Grondwet van 1913 van krag geword het.

Die vorige ronde grondeise is tussen 1994 en 1998 afgehandel.

Drie ander busse sal in ander provinsies – die Oos-Kaap, Vrystaat en Noordwes – gemeenskappe besoek.

Die begin van die mobiele kantore volg op die opening van 14 indienkantore oor nege provinsies heen.

Minister Nkwinti sê die mobiele kantore is spesiaal toegeruste voertuie met tegnologie om die verwerking van aansoeke vir grondeise op die plek moontlik te maak.

Die minister sê tussen Julie 2014 en 8 April 2015 is 54 439 grondeise ontvang.

Die mobiele eenhede is toegerus met tegnologie wat die eise op die perseel kan vaslê – insluitende rekenaars en drukkers.

Die bus is ook toegerus met 'n elektroniese oprit sodat gestremdes maklik die kantoor kan besoek.

Die vragmotors is reeds in Qwaqwa, Phut-

haditjhaba in die Vrystaat, die Oos-Kaap en Gauteng ontplooi, en sal na verskillende gebiede reis.

Een mobiele kantoor sal in Augustus na Noordwes gestuur word en tot Maart 2016 daar bly.

Die departement sal 'n volledige program aan gemeenskapslede verskaf van waarheen die busse sal gaan asook die tye wanneer hulle daar sal wees. Die program is reeds by die departement se 14 indienkantore, streekskantore en op die webwerf beskikbaar.

Twee vragmotors sal na gebiede gaan waar die mobiele kantore gebruik word om eisers deeglik voor te berei.

Dié proses sal verseker dat hulle alles het wat nodig is om 'n geldige eis in te dien. Dit sluit in identiteitsdokumente of inligting van die mense of familieledede namens wie hulle kan eis om te verseker dat hulle eise nie gediskwalifiseer word weens 'n gebrek aan inligting nie.

Die minister sê die indien van 'n eis is 'n gratis diens deur die staat en kwalifiserende individue het tot 30 Junie 2019 om 'n eis in te dien.

"Ons is bewus van mense wat rondgaan en geld van kwesbare lede van ons gemeenskappe vra met die belofte om grondeise namens hulle in te dien.

"Die boodskap is duidelik: dit is nie nodig om geld te betaal om 'n grondeis in te dien nie.

"Eise kan slegs by een van ons 14 amptelike indienpersele landwyd of by die mobiele indienkantore ingedien word, waar opgeleide personeel gereed staan om te help," sê hy.

Sien bladsy 6 vir meer inligting oor hoe om 'n grondeis te registreer.

Regering se plan vir beter dienste

More Matshedisio

Die minister in die presidensie vir beplanning, monitering en evaluering, Jeff Radebe, sê sy departement sal met Statistiek Suid-Afrika saamwerk om statistiek aan te wend om die prestasie van staatsdepartemente te verbeter.

Minister Radebe het onlangs in Kaapstad gesê baie departemente het nog nie die korrekte inligtingbestuursprosesses en -stelsels gereed om betroubare data te genereer nie. Hy het egter gesê die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering (DBME) werk hard om dié uitdaging aan te pak.

Hy sê voorts dit is een van die DBME se strategiese prioriteite om ondersoek in te stel ná die uitwerking van regeringsprogramme op die breë samelewing.

Minister Radebe sê die DBME het altesame 39 evaluerings voltooi, wat ongeveer R50 miljard se staatsuitgawes dek.

Hy sê baie evaluerings het 'n groot uitwerking gehad, selfs voor dit bekend gemaak is. Gevolglik kan groot verbeterings in die doeltreffendheid van regeringsprogramme gesien word.

"Ons is besig om met 'n uitnodiging vir evaluerings vir 2016-17 te begin. Tydens 2014-15 is ses evalueringsverslae voltooi en aan die Kabinet voorgelê. Ons beoog om minstens agt evaluerings in die huidige finansiële jaar van stapel te stuur," sê hy.

BASIESE ONDERWYS

Minister Radebe sê voorts die eerste voltooide evaluering maak reeds 'n groot verskil, veral die eerste evaluering oor vroeë kinderontwikkeling (VKO), wat tot die ontwikkeling en aankondiging van 'n nuwe VKO-beleid in Maart 2015 gelei het.

"Daar sal onder andere gekonsentreer word op die verbetering van die gehalte van die graad O-kurrikulum om die uitwerking daarvan op arm kinders en swak presterende provinsies te vergroot, asook om die opleiding en ontwikkeling van graad O-onderwysers te bevorder."

Hy sê die evaluering van graad O toon hoe belangrik dit is om die gehalte van onderwysvoorsiening te verbeter en nie net die getalle uit te brei nie.



Minister Jeff Radebe.

Vervolg op bl 2

ALGEMEEN

Jongmense bemagtig mekaar

Noluthando Mkhize

Emmanuel Mogale, 23, hou daarvan om ander te bemagtig.

Hy gee elke week private lesse aan hoërskoolleerlinge by die Kaalfontein Sekondêre Skool in Tembisa, Gauteng.

Mogale is 'n vrywilliger vir 'n nuwingsgewende organisasie bekend as IkamvaYouth. Die organisasie gee leerders in minder bevoorregte gemeenskappe die kennis, vaardighede, netwerke en hulpbronne sodat hulle verder kan studeer of ná matriek werk kan kry.

"Ek gee les aan jongmense, want toe ek in matriek was, het iemand vir my private lesse gegee en in my geglo danksy IkamvaYouth. Ek sal baie bly wees as ek kan help dat die meeste van my leerders goeie punte en beurse vir universiteitsopleiding kan kry.

"In dié gemeenskap het jongmense beperkte geleenthede weens die ekonomiese omstandighede tuis. Ek wil graag 'n vooruitstrewende gemeenskap deur middel van onderwys sien," sê Mogale.

Dit is iets wat vir Mogale na aan die hart lê. Nadat hy in 2013 gematrikuleer het, het die IkamvaYouth-organisasie vir Mogale gehelp om 'n Makro-leerlingskap te verkry.

"Makro het vir ons 'n leerlingskap gegee om vir hulle te werk en verder aan Unisa vir 'n Bcom-graad in Sakebestuur te studeer. Nadat ons die graad voltooi het, sal ons aanhou om vir die maatskappy te werk.

"As dit nie vir die IkamvaYouth was nie, sou ek nie hierdie inligting ontvang het nie, en ek moet hulle daarvoor bedank," sê hy.

Mogale gee private lesse in Engels, fisiese

wetenskap, Sepedi, geografie en lewensoriëntering.

"Ek is regtig lief daarvoor om vrywillig te werk. Dit maak my bly dat ek as 'n jongmens ander jongmense kan bemagtig en iets aan die gemeenskap kan teruggee."

IkamvaYouth is in 2003 gestig en amptelik in 2004 geregistreer. Die organisasie het takke in Khayelitsha, Nyanga en Masiphumelele in die Wes-Kaap, Ivory Park in Gauteng, Cato Manor en omgewing en Molweni in KwaZulu-Natal.

Die lesse vind smiddae ná skool plaas, Saterdagoggende en tydens skoolvakansies.

Juliet Moseamedi, 18, 'n graad 11-leerder aan Kaalfontein Sekondêre Skool wat biomediese studies ná matriek wil volg, sê haar punte het verbeter nadat sy by IkamvaYouth aangesluit het.

"Aangesien ek in 'n township bly, het ek elke dag net by my vriende gekuier en niks gedoen nie. Dit is die norm vir jongmense in my gebied. Daar was geen motivering om my skoolwerk te doen nie en ek het dit nie as 'n prioriteit beskou nie."

"Toe ek aan die begin van die jaar na Ikamva gekom het, was ek gemotiveer om op my skoolwerk te konsentreer en ek pluk nou die vrugte daarvan. My punte het verbeter en my begrip van my skoolwerk het ook verbeter," sê Moseamedi.

Volgens Clemence Msindo, takkoördineerder van IkamvaYouth in die Gauteng-streek, sluit leerders by IkamvaYouth aan wanneer hulle in graad 11 en 12 is.

"In 2014 het ons 38 matrikulante gehad wat by IkamvaYouth aangesluit het en ons het 'n slaagsyfer van 87% gehad. In 2013 het ons 'n slaagsyfer van 100% gehad."

Meer as die helfte van die vrywilligers by take wat langer gevestig is, is voormalige leerders en meer as 80% van die Khayelitsha-bestuurskomitee bestaan uit voormalige begunstigdes.



Emmanuel Mogale ploeg terug in sy gemeenskap.

In 2012 het IkamvaYouth bystand aan 743 leerlinge in die sewe takke verleen.

Msindo sê die organisasie gee ook beroepsvoorligting in die gemeenskap en verskaf voorligting oor MIV en vigs, asook mentorskap.

"'n Studieleier kry vyf leerders om met hul huiswerk te help. Dit is om te verseker dat leerders die nodige aandag kry."

Ikamva is ook oop vir enigiemand wat vrywillig wil help.

Mense wat as vrywilligers wil werk, kan www.ikamvayouth.org.za besoek vir meer inligting.

Vervolg vanaf bl 1

HANDEL EN BELEGGING

'n Evaluering van die uitkontrakteringskema van sakeprosesse van die Departement van Handel en Nywerheid is onderneem om ondersoek in te stel of die Departement van Handel se Aansporingsprogram vir Sakeprosesdienste werk skeep en direkte beleggings in die binneland verbeter.

"Volgens die bevindings is meer as 9 000 werkgeleenthede sedert die begin van die aansporingskema geskep en is die SPD-sektor belangrik om beleggings te lok en nuwe werkgeleenthede te skep, veral vir mense tussen 18 en 35, vir wie werkskepping die dringendste is," sê die minister.

NASIONALE EN PROVINSIALE DEPARTEMENTE

Die DBME het 'n aantal maatreëls ingestel om moniterings- en evalueringspraktyke in die staatsdiens te bevorder en aan te moedig.

Hy sê voorts die departement het 'n assesseringsmiddel vir prestasiebestuur ingestel om op die monitering van bestuurspraktyke in nasionale en provinsiale staatsdepartemente te konsentreer.

"In September 2014 het alle nasionale en provinsiale departemente aan die beoordeling van bestuurspraktyke deur die DBME deelgeneem.

"Die voorlopige uitslae toon dat 29 prestasiegebiede van die 33 beoordeelde gebiede 'n verbetering in die uitslae getoon het. Dit kom ondanks die verhoging van standaarde en groter klem op die inhoud in die modereringsproses."

PRESIDENSIËLE BLITSLYN

Minister Radebe sê, wat die presidensiële blitslyn betref, lewer die Regering steeds 'n diens aan die publiek om hul navrae en klagtes in te dien.

"Ons kan jaarliks ongeveer 20 000 nuwe klagtes en navrae verwerk. Tot op hede het ons 207 000 klagtes en navrae na die blitslyn aangeteken. Sowat 35% is algemene navrae en 65% is klagtes.

"Van al die klagtes en navrae is 94% opgelos en 6% word nog opgelos."

BETAAL DIENSVERSKAFFERS BETYDS

Minister Radebe sê die DBME het tussen 2013 en 2014 'n ontleding gedoen van tydige betaling van diensverskaffers deur nasionale departemente. Dit het 'n verbetering getoon in die gemiddelde aantal fakture wat binne 30 dae betaal is.

"Vertragings bly steeds 'n groot uitdaging en het 'n wesentlike uitwerking op kleinsake, ekonomiese groei en werkskepping," sê die minister.

Hy sê voorts provinsiale departemente het 'n klein verbetering van 5% getoon in die gemiddelde aantal fakture wat binne 30 dae betaal is.

"Provinsies het 241 332 fakture ter waarde van R13,4 miljard, wat ná 30 dae betaal is, en 356 079 fakture ter waarde van R21,8 miljard, ouer as 30 dae, wat nie betaal is nie, aangemeld.

"Dit is 'n daling van 52% in die gemiddelde aantal fakture ouer as 30 dae wat nie betaal is nie," sê die minister.

Hy sê nasionale departemente het 155 572 fakture ter waarde van R3,8 miljard aangemeld, wat ná 30 dae betaal is. Terselfdertyd is 62 887 fakture ouer as 30 dae ter waarde van R2,1 miljard egter nie betaal nie.

Minister Radebe sê die betaling van verskaffers binne 30 dae is steeds 'n groot uitdaging en dit het 'n groot uitwerking op kleinsakeondernemings, wat die ekonomie help bevorder en werk skeep.

"Ons het gevolglik onderneem om 'n spesiale eenheid in die lewe te roep om betaling binne 30 dae streng te monitor en knelpunte op te los," sê hy.

Nuwe geleenthede vir SA jeug

Amukelani Chauke

Die jeug van Suid-Afrika moet die voorbeeld van skoliere in 1976 volg en die land help bou deur entrepreneurs te word wat 'n aktiewe rol in die ekonomie speel.

Dit is die mening van Khathutshelo Ramukumba, bestuurshoof van die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NJOA). Dié kommentaar val saam met die Kabinet se goedkeuring van die Nasionale Jeugbeleid 2015-2020 (NJB 2020) wat 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die land se jeug sal speel.

Die NJB 2020, wat in oorleg met jongmense van oor die hele land saamgestel is, sal na verwagting help om die jeug aan te spoor om aktiewe en produktiewe burgers te word. Verder sal dit die NJOA herposisioneer om meer doeltreffend met sake wat die jeug raak, om te gaan.

Die jongmense het vier kernareas aangevul: ekonomiese transformasie en deelname, onderwys, vaardighedsontwikkeling en tweede kans, gesondheidsorg en bestryding van dwelmmisbruik, nasiebou, maatskaplike kohesie en aktiewe burgers.

Volgens Statistiek Suid-Afrika maak die jeug meer as 40% van die bevolking uit van wie 36% werkloos is.

Die NJB 2020 sal help om dié uitdaging te pak deur middel van jeugontwikkelingsprogramme wat aan die behoeftes van die jeug voldoen. Dit is programme wat jongmense help om verantwoordelike vir hul toekoms



Die nasionale jeugbeleid sal jongmense kans gee om te gedy en te help om die ekonomie te bou.

te aanvaar.

Die NJOA-bestuurshoof Ramukumba sê die hersiening van die NJB 2020 is goeie nuus vir jongmense, aangesien dit hulle sal help om hul regmatige rol in die ekonomie te vervul.

"Ek dink jongmense moet vandag die stryd vir ekonomiese transformasie pak," sê hy.

In Junie 1976 het die veiligheidspolisie van die apartheidsregering voor die voet op ongewapende skoliere geskiet, wat in die strate van Soweto teen die Regering se stelsel van Bantoe-onderwys betoog het. Die stelsel het onder meer swart leerders gedwing om in Afrikaans onderrig te word.

'n Foto van die leweloze liggaam van Hector Peterson, 'n jong seun van die Laerskool Morris Isaacson – afgeneem deur die bekende fotograaf Sam Nzima – het skokgolwe deur die wêreld gestuur.

Ramukumba sê, vergeleke met daardie groep jongmense, is die jongmense van vandag beter daaraan toe omdat hulle beter onderwys en geleenthede het om hulself te ontwikkel.

"My siening is dat ná 21 jaar van demokrasie kan 'n swart kind nie net skool toe gaan om 'n opvoeding te kry net om 'n werk te kry nie.

Vervolg op bl 6



Vanaf die Uniegebou

'n Boodskap van die President

Bou die siel van ons nasie

Terwyl ek my pligte aan die nasie nakom, is ek bevoorreg om byna elke uithoek van ons pragtige land te sien.

My besoeke aan gemeenskappe oor Suid-Afrika skep egter gemengde gevoelens.

Daar is plekke waar die letsels van apartheid steeds duidelik sigbaar is – kinders in plattelandse dorpie moet lang afstande aandurf om by hul skole uit te kom, of die verwoesting van alkoholmisbruik onder plaaswerkers in sommige gebiede.

Die letsels is sigbaar in die vorm van mans en vroue wat op straat hoek of in sjebiens rondhang, omdat hul gebrek aan vaardighede en vlak van opvoeding hulle nie toerus om ten volle betrokke te raak by die ekonomie nie.

'n Mens sien hulle in die agterstrate van townships waar bendes inwoners terroriseer in die vorm van middelmisbruik, tienerswangerskappe en huishoudelike geweld.

En tog besoek ek dikwels hierdie gemeenskappe omdat die Regering besig is om landsburgers se lewensomstandighede te verbeter en 'n verskil te maak. In sommige gevalle het die Regering reeds 'n verskil in sulke plekke gemaak.

Dit is wanneer ek nuwe skole, klinieke en verkeersligte sien. Dit is wanneer ek vroue se koöperasies sien wat families voed en goedere vervaardig vir uitvoer na ander lande. Dit is wanneer ek medici ontmoet wat voluit in alle uithoeke van die land werk om siekes te versorg, of polisie-beamptes wat hul lewens op die spel plaas om wrede misdadigers te konfronteer.

Dit is ook wanneer ek sien dat nuwe paaie gebou word waar daar eens net grondpaaie was; splinternuwe universiteite en hospitale op plekke waar mense kilometers moes reis om onderwys of gesondheidsdienste te kry; fabriekke waar mense geen werk en geen hoop gehad het nie.

Die tempo van ontwikkeling in ons land gee my die inspirasie om Suid-Afrikaners te dien en gee my die vertroue dat ons nooit sal faal om Suid-Afrika vorentoe te beweeg nie.



Die infrastruktuur-projekte wat tans deur die land plaasvind, help om ons ekonomie te laat groei. As Suid-Afrikaners moet ons egter ons harte en gedagtes verbeter om te help om die nasie verder te laat groei.

Suid-Afrika is een groot bouperseel waar hyskrane en bouspanne in ons belangrikste stede help om ons ekonomie te laat groei. Op hulle beurt bring trekkers, slote en uitgebreide openbare werke in landelike gebiede moderne infrastruktuur en maatskaplike geleenthede vir ons inwoners.

Maar die groei van ons nasie gaan nie net oor wat ons met ons hande doen nie.

Belangriker nog, dit gaan oor wat ons met ons harte en gedagtes doen.

Nuusberigte vertel nie altyd die volle verhaal oor Suid-Afrika nie. Maar dit gee ons belangrike – en soms ontstellende – berigte wat ons uitdaag om net so hard aan ons gedrag te werk as wat ons op ons boupersele werk.

Van die meer onlangse berigte was 'n voorval waar kinders by 'n Oos-Kaapse skool geweier het om hul kos te eet, aangesien kokke in die skoolkombuis in emmers urineer wat vir kos gebruik word. Die kokke het gesê die badkamers buite die skoolterrein was te ver.

Daar was ook die verspreiding van skokkende beeldmateriaal wat wys hoe mense in

eMalaheni weier om 'n man te help wat aan die brand gestee is omdat hy koperdraad by 'n elektriese substasie gesteel het.

Volgens mediaberigte het die man by mense gepleit om 'n ambulans te bel terwyl van sy vel van sy lyf gehang het. In plaas daarvan het mense net toegekyk hoe hy ly.

Die man het na 'n nabygeleë kliniek geloop en in die hospitaal beland, maar is 'n paar uur later dood.

Teen ongeveer dieselfde tyd is berig dat 'n 47-jarige sakeman en sy 16-jarige seun in die Vrystaat in hegtenis geneem is in verband met 'n voorval waarin die man se seun na bewering 'n 57-jarige veiligheidswag verneder het deur 'n hond aan te moedig om 'n seksdaad teen die wag te doen.

Sommige van die gebeure is ondenkbaar vir die meeste wetsgehoorsame, vredeliewende Suid-Afrikaners, maar ongelukkig is hierdie afskuwelike dade deel van ons gemeenskap.

Ons het onlangs Vryheidsdag gevier – 'n geleentheid om terug te dink aan die pad wat ons geloop het vir 'n beter, post-apartheid-Suid-Afrika, en 'n dag wat op die Handves van Regte in die Grondwet fokus. 'n Mens sou kon sê dit is die bepalinge en voorwaardes van ons vryheid.

Wat gelykheid betref, bepaal die Handves van Menseregte dat 'n mens teen niemand mag diskrimineer nie.

Wat menswaardigheid betref, bepaal die Handves van Menseregte dat almal basiese menswaardigheid het wat gerespekteer moet word.

Die Handves van Menseregte bepaal dat elkeen die reg tot lewe het en dat elkeen die reg het om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse gestraf of behandel te word nie.

Die Handves van Menseregte bepaal ook dat elke kind die reg op basiese voeding, skooling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste het, en om beskerm te word teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering.

Dit is hartseer dat baie Suid-Afrikaners leef asof hierdie regte nie bestaan nie en dan die lewens van ander skend.

Dit is ook jammer dat wanneer mense sken-

dings van die Handves van Regte pleeg, hulle deur hul families of gemeenskappe verskoon of beskerm word. Hulle keer dan dat die polisie of ander maatskaplike organisasies die sake ondersoek.

Dit is teenstrydig met ons beste pogings om Suid-Afrika vorentoe te beweeg.

Suid-Afrikaners behoort nie net verandering in die land te beoordeel op grond van ons fisiese ontwikkeling nie, maar moet ook die land help om ten goede te verander deur hul gedrag te ondersoek en te verbeter en as verantwoordelike burgers op te tree.

Geen hoeveelheid nuwe huise, paaie, fabriekke of kragstasies sal ons ontwikkeling so bevorder soos die gees en toepassing van ubuntu en goeie burgerskap nie.

Net bietjie meer as agt jaar gelede het die African National Congress 'n besprekingsdokument bekend gestel, getiteld *Die HOP van die Siel*. Daarin is uiteengesit hoe om ons land te transformeer deur die heropbou en ontwikkeling van die gees van die nasie.

Volgens die dokument is dit "die gees van Suid-Afrikaners wat ons politieke, ekonomiese en maatskaplike prosesse dryf".

Dit sê: "Alle godsdienste stem saam oor die groot geestelike waarhede wat die mensdom aanspoor, en ons moet hierdie ooreenkomste aanvaar as die wegspringplek vir nuwe ontwikkeling. Ons deel dieselfde waardes, hetsy liefde, blydschap, of vrede, eerlikheid, geregtigheid en integriteit, vrygewigheid, verantwoordelikheid of lojaliteit. Hierdie waardes spruit almal uit ubuntu."

Agt jaar later in 2015 het ons met dieselfde kwessies te make.

Ons hyskrane, harde hoede, werk en koopkrag sal niks beteken as ons nie wat ons dink, voel en doen diep binne onself verbeter nie.

Die bou van 'n beter Suid-Afrika begin van binne af. Kom ons spring aan die werk.



Laat ons almal saamwerk om 'n beter Suid-Afrika te bou.



GESONDHEID

'n Gesonder stelsel vir almal

Amukelani Chauke



Die minister van gesondheid, dr. Aaron Motsoaledi, sê die Regering moet sy begrotingstrategie wysig om openbare gesondheid te verbeter.

Die minister sê die strategie sal ook behels dat voorkeur gegee word aan die voorkoming van siektes en die bevordering van gesondheid sodat mense gesondheidsorg van goeie gehalte kan kry.

Die minister het dit gesê toe hy onlangs sy departement se begrotingspos in die Parlement ter tafel gelê het.

Die begrotingspos is 'n toespraak deur die minister waarin hy die planne, hoogtepunte en voorkeure van sy departement uiteensit.

Indien die land en ander Afrika-state op die vasteland wil vooruitgaan, moet ons openbare-gesondheidsorgstelsels verbeter om dié sektor te help met die voorkoming en beheer van siektes soos Ebola, breinvliesontsteking, TB, MIV en vigs, asook polio.

Dit was om dié rede dat ministers van gesondheid op 'n onlangse konferensie van die Wêreldgesondheidsorganisasie in Benin besluit het dat regerings in die verbetering van

openbaregesondheidsstelsels moet belê, eerder as om vertikale programme te hê – afsonderlike begrotings om onder meer malaria, polio, MIV en vigs, en TB te bestry.

“Ons glo sterk gesondheidsstelsels sal die vasteland help om uitbrekings te kan weerstaan.

“Gister was dit MIV en vigs, vandag is dit Ebola en TB. Wat kom môre? Ons weet nie. Maar ons glo een of ander uitbreking is op pad,” sê die minister.

Hy sê voorts die uitbreking van die siektes kan veroorsaak word deur klimaatsverandering, 'n toenemende indringing op die habitat van ander spesies, asook weerstand teen antibiotika.

Die minister sê in die 2014-15 finansiële jaar het sy departement planne gemaak om openbare gesondheid te verbeter.

“Dit behels die voorkoming van siektes, die bevordering van gesondheid en om te verseker dat ons mense gesondheidsorg van goeie gehalte kry.

“Dit is ons mandaat en ons sal dit energiek nastreef”.

VOORKOMING IS BETER AS GENESING

Minister Motsoaledi sê die genesing van siektes word gewoonlik as 'n wetenskaplike prestasie beskou, hoewel voorkoming nie dieselfde status geniet nie.

Hy sê dit is waarom enige negatiewe nuus in die openbaregesondheidssektor onmiddellik as 'n ineenstorting van die stelsel beskou word.

“Ongeag wat kwaadpraters sê, gaan ons



Die minister van gesondheid, dr. Aaron Motsoaledi, sê sy departement sal verseker dat mense gesondheidsorg van goeie gehalte kry.

nie voorkoming laat vaar nie. Trouens, dit lê die grondslag van ons program om gesondheidsorg te verbeter.”

Die departement het in 2009 nuwe entstowwe in gebruik geneem in sy roetine-immuniseringsprogram. Dit sluit in die pneumokokale gekonjugeerde entstof en die rotavirus-entstof. Pneumokokale siektes soos breinvliesontste-

king en ernstige longontsteking is uiters gevaarlik. Dit is die tweedegrootste oorsaak van sterftes onder kinders jonger as vyf ná MIV en vigs, nie net in Suid-Afrika nie, maar oor die wêreld heen.

Die minister sê met voorkomende entstowwe het die departement dié siektes met 70% verminder.

Prostaatkanker: Jy kan dit klop

Mediese Skema vir Staatsamptenare



Een uit elke 23 Suid-Afrikaanse mans ly aan prostaatkanker. Hoewel die siekte baie mans aantast, kry dit nie genoeg aandag nie.

Dr. Stan Moloabi, uitvoerende bestuurder: gesondheidsorg by die Mediese Skema vir Staatsamptenare (Gems) meen meer moet gedoen word om Suid-Afrikaanse mans oor die siekte in te lig – veral omdat dit behandel kan word indien dit vroeg opgespoor word.

“Baie Suid-Afrikaanse mans weet betreklik min van prostaatkanker,” sê hy.

Oor die jare is daar vordering gemaak met die behandeling van die siekte. Hoe gouer 'n mens dit ontdek hoe groter is die kans op genesing.

Prostaatkanker kom in 'n man se prostaat voor – dit is 'n klein okkerneutvormige klier wat deel van die manlike voortplantingstelsel uitmaak. Prostaatkanker kom voor wanneer abnormale selle in die prostaatklier groei.

WIE KAN PROSTAATKANKER KRY?

Mans van alle rasse en ouderdomme kan prostaatkanker opdoen, hoewel mans ouer as 50 'n veel hoër risiko loop as jonger mans.

“Hoe ouer 'n mens word hoe groter is die gevaar om die siekte op te doen,” sê dr. Moloabi.

Mans ouer as 40 behoort hul een keer elke twee jaar vir prostaatkanker te laat toets. Mans ouer as 50 moet hul een keer per jaar

laat toets, sê hy.

SIMPTOME VAN PROSTAATKANKER

In baie gevalle het prostaatkanker geen enige simptome nie. Dit is een van die redes hoekom mans hul hiervoor moet laat ondersoek. Mans moet uitkyk vir die volgende simptome:

- Sukkel om te urineer.
- Sukkel om die vloei van urine te begin of te stop.
- Bloed in die urine.
- Pyn of 'n brandgevoel tydens urinering.
- Enige van bogenoemde saam met 'n pyn in die laer rug, bobene of bekken.

“Hoewel die simptome ook net ontsteking kan wees, kan dit ook die begin van prostaatkanker beteken. Daarom dis belangrik om vir 'n ondersoek te gaan,” sê dr. Moloabi.

BEHANDELING VAN PROSTAATKANKER

Die behandeling van die siekte hang af van hoe ver dit gevorder het, watter tipe kanker dit is en die gesondheid van die pasiënt.

Daar is 'n aantal behandelingsopsies vir prostaatkanker beskikbaar, waaronder chirurgie, bestraling, waaksame wag, of hormoonbehandeling – dit hang alles af hoe die kanker ontwikkel.

HOE OM PROSTAATKANKER TE VERHOED

'n Gesonde lewenswyse kan baie siekte-toestande soos prostaatkanker verhoed.

“Eet gesonde kos, kry genoeg oefening, hou op rook en moenie te veel drink nie,” maan dr. Moloabi.

Hy sê voorts 'n jaarlikse mediese ondersoek, veral as jy 'n familiegeskiedenis van kanker het, kan help om jou lewe te red.

Epilepsie: Wat jy moet weet

Mediese Skema vir Staatsamptenare



Epilepsie ook bekend as vallende siekte, raak duisende mense van alle rasse en agtergronde in Suid-Afrika.

Epilepsie is 'n toestand wat die brein en senustelsel aantast. Sowat een uit 100 Suid-Afrikaners ly in een of ander stadium van hul lewe aan epilepsie.

Dr. Stan Moloabi, uitvoerende bestuurder: gesondheid van die Mediese Skema vir Staatsamptenare (Gems) sê almal moet meer van die toestand weet en wat om te doen in geval 'n kennis of geliefde 'n aanval kry.

“Baie van ons sal in een of ander stadium iemand raakloop wat aan epilepsie ly, of 'n aanval kry,” sê hy.

“Aanvalle kan verskillende oorsake hê en enigeen kan in een of ander stadium daaraan ly. Suid-Afrikaners moet dit in gedagte hou voordat hulle iemand wat aan epilepsie ly, veroordeel.”

'n Aanval is 'n versnelling van elektriese aktiwiteit in die brein wat die wyse waarop iemand voel of optree vir 'n tyd lank beïnvloed.

Dit kan baie verskillende vorms aanneem en kan verskillende mense op verskillende maniere aantast. Sommige aanvalle is lig; die persoon kan net vir een of twee sekondes voel asof hulle in 'n dwaal is en nie eens agterkom dat hulle 'n aanval gehad het nie.

Tydens ander, groter aanvalle, kan die pasiënt sy/haar bewussyn verloor, sy/haar liggaam kan onbeweeglik word of verstyf en hy/sy kan vinnige rukkewegings maak.

Epilepsie kan in meeste gevalle met medisyne of ander mediese be-

handeling behandel en beheer word.

OORSAKE VAN AANVALLE BEHEL:

- Epilepsie kan oorgeërf word.
- Ontsteking van die brein soos brein- en harsingontsteking.
- Gewasse.
- Chemiese wanbalanse in die brein veroorsaak deur toestande soos lae bloedsuiker en suikersiekte.
- Onttrekking van alkohol.
- Gebruik van sekere straatdewelms.

HOE OM IEMAND WAT 'N AANVAL KRY TE BEHANDEL

Die volgende stappe kan gedoen word in reaksie op iemand wat 'n aanval kry:

- Doen jou bes om kalm te bly.
- Skakel die nooddienste.
- Probeer beserings verhoed deur seker te maak daar is niks naby of binne bereik wat die persoon kan beseer nie.
- Hou jouself buite gevaar – dis onnodig om iemand wat 'n aanval kry, te probeer beheer.
- Moenie enigiets in die persoon se mond sit nie.
- Plaas die individu in die herstelposisie ná die aanval geëindig het. Draai die persoon se kop sodat enige braaksel maklik uit hul mond kan vloei en verseker dat hulle normaal asemhaal.
- Moenie vloeistowwe, medisyne of kos gee tot hulle heeltemal wakker is nie.
- Bly by die persoon tot hy of sy herstel, wat binne vyf tot 20 minute kan wees.

“Onthou, die meerderheid van mense met epilepsie reageer goed op behandeling. Moedig dus iemand wat aan die toestand ly, aan om sy/haar dokter te besoek,” sê hy.



ALGEMEEN

Albert Pule

Die grondeiseproses stel mense wat hul grond weens gedwonge hervestiging onder apartheid verloor het, in staat om binne die volgende vyf jaar grondeise in te stel.

Die heropening van eise is bedoel vir mense wat die spertyd in 1998 misgeloop het.

Vuk'uzenzele gee 'n volledige stel riglyne oor hoe om 'n eis in te dien.

WAT IS 'N GRONDEIS?

'n Grondeis is 'n skriftelike versoek deur 'n persoon, regstreekse afstameling van 'n persoon, 'n boedel, of 'n gemeenskap vir die teruggee van grond.

WAT IS 'N GRONDREG?

'n Grondreg is 'n geregistreerde of ongeregisteerde reg op grond, die belange van woonarbeiders en bywoners, gewoonteregelbelange of voordelige bewoning vir 'n tydperk van meer as 10 jaar.

Mense moes grond bewoon het, of moet bewys hê in die vorm van 'n dokument, soos 'n grondbrief, of toestemming om te bewoon, om 'n reg op die grond te hê.

WIE KAN 'N GRONDEIS INDIEN?

'n Persoon of gemeenskap wat ná 19 Junie 1913 van grond onteien is weens wette wat in die verlede op rassevooroordeel gegrond was, en wat nie regverdige vergoeding ten tyde van onteiening ontvang het nie.

WIE KAN NIE 'N EIS INDIEN NIE?

Mense wat voorheen geëis en grond en finansiële vergoeding ontvang het, mag nie weer eis vir dieselfde reg wat verloor is nie.

Indien jy vantevore 'n eis ingedien het, maar nog nie vergoed is nie, maak seker dat die provinsiale kantoor jou oorspronklike eis het voordat jy weer 'n eis indien.

Moenie 'n nuwe eis indien as jou eis nog verwerk word nie. Dit is onwetig om 'n bedrieglike eis in te dien en nie ander potensieel belanghebbende

partye te vermeld nie.

HOE OM 'N EIS IN TE DIEN

Eise moet by 'n aangewese indienkantoor op 'n voorgeskrewe vorm ingedien word, wat elektronies tydens indiening vasgelê sal word.

Vorms word nie versprei nie. Jy moet self 'n indienkantoor besoek om te eis.

Jy het tot 30 Junie 2019 om 'n eis in

DOKUMENTE OM SAAM TE BRING OM 'N EIS IN TE DIEN

- 'n Gewaarmerkte afskrif van jou Suid-Afrikaanse groen stafiekode-identiteitsdokument of slim-ID-kaart.
- 'n Getekende brief wat jou magtig om namens jou familie of gemeenskap op te tree, en deur twee getuies geteken is (volmag), indien jy namens jou familie of gemeenskap optree.
- 'n Lys van mense wat jy verteenwoordig.
- 'n Brief van die meester van die hooggeregshof indien jy die eksekuteur van 'n boedel is.
- 'n Skriftelike besluit van 'n gemeenskapsvergadering, geteken deur die persoon wat die vergadering-fasiliteerder was, indien namens 'n gemeenskap ingedien word (gemeenskapsbesluit).

WATTER INLIGTING IS NODIG?

- Die beskrywing van die eiendom, bv. plaasnaam, erf- of standplaasnommer indien dit in 'n stadsgebied is.
- Die jaar van onteiening.
- Vergoeding wat destyds betaal is.
- Besonderhede van die persoon wat die reg verloor het.
- Besonderhede van die eiser en die hoedanigheid waarin jy optree, bv. as 'n gemeenskapsvertegenwoordiger, seun, eksekuteur van 'n boedel, ens.
- Geskiedenis van die grondonteiening.

te dien. Mobiele indienkantore sal distrikte gedurende die eistydperk besoek.

Jy het tot 30 Junie 2019 kans om 'n eis in te dien. Mobiele indienkantore sal gemeenskappe in die eistydperk besoek.

Hoe om 'n grondeis in te dien

STAPPE OM IN DIE EISPROSES TE VOLG

STAP 1: Ontvangs

Die beamptes by die ontvangstoonbank sal kyk of jy al die regte dokumente het en vir jou raad gee.



STAP 2: Vaslegging

Die beamptes in die vasleggingsafdeling sal jou help om jou eis elektronies vas te lê.



DIE INDIEN VAN 'N EIS IS GRATIS



STAP 4: Kennisgewing

Jy sal binne 48 uur ná indiening 'n SMS ontvang wat bevestig dat ons jou eis ontvang het. Jou eis sal ondersoek word en jy sal gereeld, of op jou versoek, in kennis gestel word.

STAP 3: Bevestiging

Jy sal 'n brief ontvang ná die vaslegging van jou eisinligting. Die brief sal 'n unieke verwysingsnommer hê, wat bewys dat jy 'n eis suksesvol ingedien het.

HOE OM OP TE VOLG:

Jy kan die tolvrye nommer 0800 007 095 skakel, of enige van die 14 landwye indienkantore skakel.

Waar kan jy jou eis indien?

Gauteng: Baileystraat 9, h.v. Steve Biko- en Johannes Ramokhoasestraat, Arcadia, Pretoria. Tel: 012 310 6500

Vrystaat: Ou Posbankgebou, (h.v. Burger-Oosen Selbournestraat, Bloemfontein). Tel: 015 430 0444

KwaZulu-Natal: Umhlaba-huis, Langalibalelestraat 139, Pietermaritzburg en Hoogstraat 158-160, Vryheid. Tel: 033 341 2674

Oos-Kaap: Ou SAID-gebou, Stasiestraat 22, Oos-Londen en Prins Alfredstraat 66, Queenstown. Tel: 043 722 1487

Noord-Kaap: Hyesco Arcade, Ou Hoofweg 4-8, Kimberley. Tel: 053 807 5700

Noordwes: Eenheid 4, Batlhapingstraat, (langs SAID-gebou), Mmabatho en Prime Plaza-gebou, Markstraat 52, Vryburg.

Tel: 018 389 9658/9600

Wes-Kaap: Van der Sterr-gebou, Rhodeslaan, Mowbray, Kaapstad en Shamrockoord 33, Yorkstraat 97, George. Tel: 021 658 4300

Limpopo: Biccardstraat 61, Polokwane. Tel: 015 284 6300

Mpumalanga: Restitution-gebou, Samora Machelrylaan 30, Mbombela en Hi-Tech-huis 23, h.v. Botha- en Rhodesstraat, eMalaheni. Tel: 013 752 4054

Bron: Kommissie vir die Herstel van Grondregte.

Vervolg vanaf bl 2

“Die ingesteldheid van 'n swart kind moet wees dat entrepreneurskap 'n alternatief vir werk is. Dit is 'n manier vir die jeug om vir ander werk te skep, deel te wees van die ekonomie en die land te help bou.

“Ek sien dit as die stryd waarteen jongmense van vandag moet stry om ekonomiese bevryding in hul leeftyd te bereik,” sê hy.

JEUGBELEID IN DIE KOLLIG

Die adjunkminister in die presidensie, Buti Manamela, het onlangs 'n promosietoer onderneem waarin hy met jongmense van oor die hele land gesprek gevoer het oor die hersiening van die NJB om hul insette, kommer en voorstelle vir die beleidsontwerp te hoor.

Ramukumba sê met die hersiening van die beleid kan jongmense die vordering met die implementering van die beloftes van die NJB die afgelope vyf jaar in oënskou neem. “Op die manier kan ons dus sê waaraan

ons die laaste vyf jaar voorkeur gegee het en of ons dit waartoe ons onself verbind het, bereik het. Dit is ook 'n manier om te sien of die materiële omstandighede van alle jongmense sedertdien verander het.

“Indien dit nie verander het nie, moet ons met nuwe oplossings vorendag kom om die uitdagings aan te pak en 'n bemagtigende omgewing te skep,” sê hy.

Ramukumba sê nadat alle insette in die beleidsontwerp ingesluit is, vereis die beleid voorstelle van hoe om 'n omgewing te skep om jeugontwikkeling te bevorder.

“Ek glo ons moet 'n omgewing skep waarin skoolkinders wat wil skool gaan, dit kan doen. Net so, moet skoliere wat om een of ander rede nie matriek slaag nie, 'n tweede kans kry sodat ons nie hul toekoms vernietig nie.

“Die jongmense wat uitgesak het en nie voldoende opgelei is om betekenisvolle werk te verrig of vaardighede het om die arbeidsmark te betree nie, moet die kans kry om vaardighede, kundigheid of 'n ambag aan te leer sodat hulle die arbeidsmark kan betree.

“Daarbenewens moet hulle ondersteuning kry om hul vaardighede te ontwikkel om en-

trepreneurs te word wat aan die ekonomie deelneem, ongeag of hulle self wil werk of hul eie onderneming wil begin,” sê hy.

NUWE WERKSKEPPINGSPLAN AAN DIE KOM

Ramukumba sê voorts 'n paneel kundiges is aangestel om alle sektore van die ekonomie te ondersoek om te bepaal watter sektore jongmense in die arbeidsmark kan opneem. Dié sektore behels jeugontwikkeling in alle staatssektore, die private sektor, nieregterings-organisasies (NRO) en gemeenskaps-organisasies.

Die paneel sal 'n plan opstel om die uitdagings en groeiteikens in die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) te ondersoek en te bepaal watter bestaande programme jongmense kan help om werk te kry. Die NOP is die Regering se visie en beleidsraamwerk om die land teen 2030 te ontwikkel.

“Hierdie plan sal aandui watter projekte uitgevoer moet word volgens die behoefte van die ekonomie aangedui deur die NOP tussen nou en 2030. Sodoende sal ons kan sien watter sektore aandag verg om meer werk-

geleenthede vir jongmense te skep,” sê hy.

Die paneel kundiges bestaan uit professore van verskillende universiteite, amptenare van Statistiek SA en die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR).

Ramukumba sê die NJOA het deur middel van sy programme jeugontwikkeling aangehelp.

“Statistiek toon dat slegs 30% van ondernemings wat by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (KMIE) geregistreer is vir langer as 12 maande oorleef.

“Ons bied al vir twee jaar die Nasionale Jeugtoelaagprogram aan. In die tyd het ons 'n oorsig van ondernemings laat doen wat deur die skema befonds is.

“Ons navorsing toon dat 54% van ondernemings wat deur ons toelaagprogram befonds is, langer as 12 maande oorleef,” sê hy.

Vir meer inligting oor die Nasionale Jeugbeleid, besoek www.gov.za.